Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

29 September 2017

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

IRMA ELOFF NUWE VOORSITTER VAN SA AKADEMIE

Geskiedenis is gister in Pretoria gemaak met die aanwysing van **prof. Irma Eloff** as Voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns as opvolger van prof. Wessel Pienaar van die Universiteit van Stellenbosch. In sy bestaan van 108 jaar is prof. Eloff slegs die tweede vrou wat voorsitter van die Akademie word na prof. Elize Botha wat tussen 1990 en 1992 die eerste vroulike voorsitter was. Prof. Eloff was die sewende en eerste vroulike dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria en het haar termyn as dekaan pas beëindig. Tans is sy professor in Opvoedkundige Sielkunde aan UP. Sy het haar BA-graad aan die Noordwes-Universiteit behaal en vervolgens nagraadse kwalifikasies verwerf aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch. Prof. Eloff was tussen 2001 en 2002 besoekende professor by Yale-Universiteit in die VSA en was gasdosent onder meer by die Universiteit van Innsbruck, die Universiteit van Wisconsin, Fordham-Universiteit en die Universiteit van New York. Sy het in 2014 die International Aids Society se Prys vir Uitnemendheid in VIGS-navorsing met betrekking tot kinders gewen. Akademiese handboeke en talle navorsingsartikels het reeds uit haar pen verskyn. Sy is 'n geregistreerde psigoloog.

Prof. Oppel Greeff, voormalige hoof van die Departement Farmakologie by die Universiteit van Pretoria en tans mediese direkteur van Cytespace SA (Edms), is aangewys as Onder-voorsitter. Ander lede van die Raad wat vir 'n nuwe termyn verkies is, is proff. Anne-Marie Beukes van die Universiteit van Johannesburg, Japie Engelbrecht (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit), Ilse Feinauer (Universiteit van Stellenbosch), Fransjohan Pretorius (Universiteit van Pretoria), Hennie van Coller (Universiteit van die Vrystaat), Helena van Coller (Rhodes-Universiteit), Kobus van der Walt (Noordwes-Universiteit), Leopold van Huyssteen (Universiteit van Stellenbosch) en dr. Cassie Carstens (Pretoria). Proff. Kobus Eloff, Ina Wolfaart-Gräbe en mnr. Rudolph Botha is ex officio-lede. Dit is die eerste keer in die SA Akademie se geskiedenis dat pa en dogter, proff. Hennie en Helena van Coller, gelyktydig in die Akademieraad dien.

Benewens prof. Eloff se geskiedkundige aanstelling het die SA Akademie ook sy nuwe gebou in gebruik geneem. Die drieverdiepinggebou is 'n toevoeging tot die geskiedkundige Engelenburghuis in Ziervogelstraat, Arcadia langs die Uniegebou.

Dr. Dione Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za
Tel. …

Prof. Irma Eloff se kontakbesonderhede is soos volg:
Tel.: 012-420-3513 (w); Sel.: 073-283-4897; E-pos: irma.eloff@up.ac.za

Prof. Oppel Greeff se kontakbesonderhede is soos volg:
Tel.: 012-664-1622 (w); Sel.: 082-804-3504; E-pos: oppel.greeff@cytespace.com